**Reeks:** Margins in Life
**Titel:** ... Relationship in Life
**Prediker:** Johan Geyser
**Datum:** 2 June 2013

mosaiek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

---

Goeiemôre, vriende. Baie, baie welkom. Dis so goed om weer saam te kan wees. En vanoggend gaan oor verhoudings, daardie verbintenis wat daar bestaan tussen jou en ander. Dis eg, al kan jy dit nie sien nie. Dis rieël. Dis waar jou lewe lê. Dis waarvan jou lewe afhang. Jy is vanmôre net so gelukkig as wat jy is in jou verhoudings. Dis nie jou bankbalans nie. Dis nie jou posisie nie. Dis nie die mag wat jy het nie. Dis nie wat jy besit nie. Dis die kwaliteit verhoudings waarin jy leef wat jou lewe gee. Dis wat die lewe die moeite werd maak.

Kyk, in 'n verhouding, hierdie verbintenis is nie 'n statiese ding nie. Dis 'n lewendige ding. Hy skuif. Hy is dinamies. Hy kan soveel plesier in jou lewe bring. Hy kan jou soveel energie gee, soveel hoop gee, soveel moed gee, maar dit kan ook anderkant toe gaan. Hy kan al die lewe uit jou uit vat. Hy kan jou hoop steel. Hy kan jou moedeloos maak. Hy kan jou sonder enige energie los in die lewe, en dit hang van jou af. As jy vanmôre goeie verhoudings het is jy nie gelukkig nie; jy het gewerk daarvoor. Jy het die regte goed gedoen. Op 'n manier het jy geleer om lief te hê en iets van liefde in daardie spasie in te bring wat dit verander, wat dit skep, wat dit laat lewe gee.

'n Groot en 'n belangrike ding wat moet gebeur in 'n verhouding is om ja te sê en om nee te sê vir die regte goed. Jesus leer en sê, laat jou woord wees, ja, ja; nee, nee. Ons het die vermoë, ons het die verantwoordelikheid om ja te sê en nee te sê. Soveel van ons lewe hang af van hoe ons hierdie woorde gebruik. Ons moenie nee sê en ja bedoel nie. Ons moenie ja sê en nee bedoel nie. Jou ja moet ja wees, maar jy moet weet vir wat om ja te sê. Jy moet weet om nee te sê. 'n Nee is nie 'n baie negatiewe woord nie. Dis 'n baie, baie belangrike woord, wat grense bring, wat hierdie verhouding van jou bewaar waarin jy leef, wat hierdie verhoudings in stand hou sodat dit kan lewe gee, sodat dit 'n liefdesverhouding kan wees.


**© 2013 Mosaïek**

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030 ◆ posbus 1658, fairland 2030 ◆ t: 011 268 4700 ◆ f:011 268 4800 ◆ info@mosaiek.com ◆ www.mosaiek.com

As jy nee sê sê jy eintlik ook ja vir iets. Jy moet 'n groter ja hê om voor nee te kan sê. As jy sê nee... as jy sê ja dan beteken dit ook jy sê nee vir ander goed. Tog is dit so moeilik vir baie van ons om nee te kan sê. Daar is 'n ou middeleeuse spreekwoord wat sê, every decision is a renunciation. Tog is dit so moeilik vir baie van ons. Maar as ons teruggaan was nee 'n baie positiewe ervaring in jou lewe, 'n baie belangrike ervaring, nie noodwendig vir jou baie aangenaam nie, maar baie belangrik vir jou behoud.

Ek meen, die eerste keer wat jy daardie woord gehoor het was toe jou ouers jou wou beskerm. Nee, moenie aan daardie warm plaat vat nie. Nee, moenie in die swembad duik nie. Jy is nie reg vir dit nie. Jy dink jy ken water. Jy was nege maande in, maar jy kan nog nie swem nie. Dis anderster nou. En dit het 'n belangrike woord en 'n konsep vir jou geword. Hier op 18 maande het jy 'n identiteit begin vorm. Jy het 'n bewussyn begin vorm dat jy 'n aparte mens is, en toe het nee 'n groot woord vir jou... los uit, myne. Nee. Jou pa en ma het dadelik gevoel hulle wil jou 'n Christelike opvoeding gee en mededeelsaamheid leer, en hulle het vir jou gesê, moenie... nee, deel 'n bietjie. Moenie nee sê nie.

Afhangende van die styl waarin jy grootgeword het het baie van ons begin te voel ek het 'n keuse, maar as ek nee sê is dit nie altyd nice nie. En party van ons lewe vandag nog op dieselfde manier. Ek voel so skuldig. Dit is vir my so moeilik om nee te kan sê, maar tog is dit so belangrik vir jou behoud. Tog is dit so belangrik vir daardie verhoudings waarin jy leef om nee te sê vir die regte goed en ja te sê vir die regte goed. Jy skep hierdie spasie, en hierdie spasie kan al die lewe uit jou uit vat as jy ja sê terwyl jy nee moes gesê het, so nee is 'n heilige, salige, wonderlike, nee wat lewe bring vir jou. Vanmôre 'n paar belangrike goed waarvoor ons moet nee sê uit die voorbeeld en die lering van die Here Jesus.

In die eerste plek moet ons nie... moet ons nee sê vir te veel. As ons kyk na Jesus se lewe sien ons dat daar drie dissipels was wat baie naby aan Hom was. Die meeste van Sy energie en tyd het in hierdie drie dissipels gegaan: Petrus, Johannes, en Jakobus. Hulle het ervaringe gehad, tyd spandeer met Christus, wat die ander dissipels nie gehad het nie. Dit was sy primêre fokus. Dan was daar die 12 met wie Hy Sy lewe diep gedeel het en wat baie naby aan hom geleef het. Dan lees ons van die 72 wat onder andere die geselskap


**© 2013 Mosaïek**

mosaiek

daniellestraat, fairland 2030 ◆ posbus 1658, fairland 2030 ◆ t: 011 268 4700 ◆ f:011 268 4800 ◆ info@mosaiek.com ◆ www.mosaiek.com

wat saam met Hom getoer het en rondgegaan het in Sy bediening van deel was. En dan is daar die skares. Hierdie verhoudings is verskillend van mekaar.

Die dinamika verskil in elke een van hierdie groepe verhoudings waarin Jesus gestaan het, en dis belangrik, in die eerste plek, om te weet dit is nie 'n keuse nie. Dit is nie hierdie een is reg en hierdie een is verkeerd nie. Almal is daar. Ek noem dit omdat dit dikwels vandag 'n tendens is om te kies. Ek kies naby verhoudings. Ek het nie hierdie ander verhoudings nie. Kyk, in 'n groot groep deel ons 'n gemeenskaplike ervaring wat ons op 'n manier een maak en deel maak van mekaar. Ons ken mekaar se name nie noodwendig nie. Dis op 'n makrovlak wat dit geskied. Dit is ook hoe dit in die lewe van Jesus geskied het. Dit was ook hoe dit in die eerste kerk was.

Kry dikwels mense wat sê, ek hou nie van 'n groot kerk nie, jy weet. Hoekom nie? Nee, ek hou van intieme verhoudings. Maar dis mos nie die een of die ander ene nie. Jy gaan in elk geval, het navorsing getoon, net 72 mense kan ken. Dit maak nie saak hoe groot die kerk is nie. Jy gaan net met 12 mense verhoudings kan... diep verhoudings kan hê. Jy gaan net... en jy het net die kapasiteit om met 'n paar mense diep jou lewe te kan deel.

In die kleingroep is 'n ander dinamika. Daar is 'n belewenis; 'n gedeelde ervaring, maar ons ken ook mekaar se name en ons praat ook met mekaar. In die een tot een verhouding is dit heel ander dinamika. Daar is nie noodwendig 'n gedeelde ervaring nie, maar daar is goed wat gebeur in daardie spasie wat in geen ander spasie kan gebeur nie. So almal is belangrik vir jou vorming en vir die manier... en om lewe te bring in jou lewe. Maar hier is 'n groot ding: hoe minder mense hoe dieper het die verhouding gegaan met Christus.

Daar is 'n gevaar vandag dat ons dit kan opdraai, dat ons met al hoe meer mense wil, en tegnologie stel ons in staat vandag, maar ons kan nie, en ons het nie die vermoë om met so baie mense diep verhoudings te kan hê nie. Die tendens vandag, dink ek, is meer maar vlakker, so die vraag is: hoe lyk jou sirkels in jou lewe van die primêre, die wat naby jou is, die sekondêre verhoudings in jou lewe? As jy probeer om met die groot sekondêre in jou lewe diep om te gaan kan dit geweldige spanning in jou lewe meebring, en ek


**© 2013 Mosaïek**

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030 ◆ posbus 1658, fairland 2030 ◆ t: 011 268 4700 ◆ f:011 268 4800 ◆ info@mosaiek.com ◆ www.mosaiek.com

dink dit... ek dink ons almal kom op daardie plek waar ons nie mooi weet waar lê dit met hierdie mense nie.  Jesus voel nie skuldig, of Hy vra nie verskoning vir die groep omdat Hy nie by almal kan kuier nie en dat Hy nie by almal kan uitkom nie, maar Hy sê vir hulle, Ek is op pad Jerusalem toe.  Ek moet nou gaan, totsiens, en Hy beweeg aan, so waar jy jou tyd spandeer, hoe jy jou tyd spandeer.

Ek praat 'n rukkie gelede met iemand wat 2,000 vriende op Facebook het.  Dit vat haar 'n goeie uur, uur en 'n half elke dag om net hallo te sê, te luister wat almal sê, en hierdie verhoudings in stand te hou.  Dit is vir haar geweldig exciting, en dis so wonderlik, al hierdie vriende en al hierdie mense wat... en ek wonder hoe naby is daardie... of dit nie net 'n gehoor is nie, of dit nie net 'n groot gemeenskaplike deel is van 'n lewe nie.

Hoe kan jy diep met so baie mense gaan?  Watse vermoë...?  Dis die vermoë waarmee Christus geleef het.  Hoe lyk dit in jou lewe?  Miskien sit jy met onnodige skuld in jou lewe, sit jy met hierdie onrealistiese verwagting dat jy met al die familie en vriende hierdie diep verhoudings moet hê, en jy kom nie by dit uit nie, en jy kan nie, en dit kan meebring dat jy die verhoudings waarin jy moet diep beweeg kan verwaarloos.  Nie te veel nie.

Die tweede groot ding is dat dit dalk belangrik vir ons is om met die regte persone in 'n verhouding te gaan en diep verhoudings mee te hê.  Ons moet ook kan nee sê.  Daar is ook mense wat verkeerd is vir jou.  'n Rukkie gelede lees ek deur die boek Spreuke net om te kyk na al die soorte mense waarvan Spreuke praat.  Dis opvallend dat hy praat van wyse mense, en hy sê, as jy kies, gaan om met wyse mense, jy weet.  As jy met wyse mense omgaan dan gaan jy ook wys word.  Maar daar is dwase mense.  Daar is selfs bose mense wat jy moet vermy.  Dis nie vir jou nie, so daardie keuse is ook belangrik, om agter te kom is hierdie verhouding vir my, jy weet.

En in Jesus se lewe sien ons dat toe Hy die geleentheid gehad het om met soveel, en selfs baie bekende, invloedryke mense in 'n verhouding te tree, wat Hom bewonder het, en Hy het nee gesê daarvoor.  Dit was nie vir Hom nie.  Maar wat opvallend is is dat Jesus ook nie 'n fiksasie ontwikkel het op die mense wat Hom verwerp het nie.


**© 2013 Mosaïek**

mosaiek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

In Johannes 6 lees ons dat Hy, terwyl Hy een van sy preke lewer, die mense opstaan en omdraai en uitloop en sê, nee, dis nie vir ons nie. Dis is nou... hierdie goed is te groot. Dis te swaar waarvan Hy praat. Hy draai om na Sy dissipels toe en Hy vra vir hulle, wat sê julle? Wil julle nie ook aanbeweeg nie? Nie omdat Hy gewond is en seer het nie, sê Hy, nou, wil julle nie ook maar loop nie. Nee, Hy sê eintlik vir hulle, luister hier, 'n verhouding is 'n keuse van twee kante af. Ek wil. Wil julle in hierdie verhouding staan en in hierdie verhouding met my leef?

Dit gebeur dikwels met ons dat iemand ons verwerp of sleg praat van ons, nie baie van ons hou nie. Dit raak baiekeer die fokus van ons lewe. Ek moet hulle oortuig. Ek moet hulle verander. Hulle moet sien hoe goed is ek en hulle moet sien... Jesus het nie daardie... almal gaan nie van jou hou nie. Ek meen, as almal nie van Jesus gehou het nie is dit seker okay as almal nie van jou hou nie. En dan is daar ook nie feit dat Jesus nie alle verhoudings kon maak werk nie, want 'n verhouding kom van twee kante af. Hy kon dit nie maak werk met Judas nie. Een van die binnekring van die 12 het dit nie mee uitgewerk nie, en Hy het hom laat gaan.

En tog is dit so by ons dat ons partykeer vashaak. Dis asof al ons energie en ons fokus nou gaan om dit reg te maak, om dit te herstel. Dikwels in 'n liefdesverhouding werk dit so dat die een persoon nie wil nie, dan is dit baiekeer dat die ander persoon nie aan kan beweeg nie. Ek kan dit nie laat gaan nie. Wat is dit? Wat is dit in ons? Is dit miskien omdat ons nie kan misluk nie, dat ons voel dat dit nie met my kan gebeur nie? Ek is nie so sleg nie.

Is dit so dat ons dalk ons waarde vind uit wat ander mense van ons dink? Ons voel net goed oor onsself as ander mense vir ons sê jy is wonderlik. En as hulle nie vir my sê ek is wonderlik nie dan probeer ek goed doen dat hulle kan sien, dat hulle kan dink ek is wonderlik, want dis waarvan my waarde afhang. En Jesus nooi ons uit: laat dit gaan. Daar is verhoudings wat nie vir jou bestem is nie en jy moet sê... kan nee sê. Jy moet kan aanvaar en kan sê ek laat dit gaan.

Ons is baiekeer met verkeerde goed besig in 'n verhouding. Paulus sê in Galasiërs 5 dra mekaar se laste. Elke een sal sy eie pak dra. Daar is 'n


**© 2013 Mosaïek**

mosaiek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

verskil tussen 'n pak en 'n las. En ons weet nie altyd wat die verskil is nie. En wanneer jy iemand se pak begin dra is dit 'n goeie resep vir baie spanning in 'n verhouding. En dis moeilik, want in die grootwordproses word jy totaal afhanklik gebore. Jou pak en jou las word gedra deur jou ouers as jy klein is. As jy net dink hoe hulpeloos is die mens nie as hy gebore word nie. Ek meen, diere, 'n klein bokkie kan 'n uur na geboorte vir 'n leeu weghardloop. Ons kan niks doen nie vir 'n lang tydperk in ons lewe nie.

Maar nou is dit belangrik dat, soos wat ons groter word, daardie onderskeid getref sal word dat jy as 'n ouer nie meer die pak van jou kind moet dra nie, maar net sy las. Daar kom 'n plek in ons lewe waar ons verantwoordelikheid moet vat vir ons lewe, waar ons self moet sorg vir ons pak. Net jy kan jou pak deur hierdie lewe dra. En dis moeilik.

Ek dink aan skool, jy weet, waar ek eenkeer, toe Remon vir my vertel wat sy onderwyser met hom in die klas gedoen het, het ek besluit ek gaan met hierdie onderwyser praat. Ek gaan nie dat hulle dit doen aan my kind nie. Na ek haar storie geluister het het ek gedink, maar jy het so sag gewerk met my kind, jy weet. Maar toe wonder ek agterna, hoekom het ek hierdie geveg gevat? Is dit my battle om te fight, of is dit my kind self wat hierdie ding moet uitsorteer met sy vriende wat so sleg is en sulke goed doen aan hom? Hy moet self uitvind.

Ek meen, as jou kind na jou toe kom en hy sê vir jou, ek is verveeld, wat doen jy? Sê jy dadelik, kom ons gaan Clearwater toe? Kom ons gaan kyk 'n fliek en ons doen so... koop so bietjie ietsie en ons doen... ons gaan eet so bietjie. Ons doen ietsie. Kan ek 'n nuwe speletjie vir jou kry? Vat jy verantwoordelikheid vir sy verveeldheid, of sê jy vir hom, jy is briljant? Het jy self uitgevind dat jy verveeld is? Jou emosionele IK is verbysterend goed, so wat gaan jy doen aan... wat gaan jy nou doen daarmee? Dis jou probleem. Dis deel van menswees.

Kyk, as ek groot word met die gevoel en die idee die heeltyd dat wanneer ek ongerief ervaar of 'n probleem het, die mense die naaste aan my tot my redding moet kom en nou my probleem vir my moet oplos, dan lei dit tot 'n mede-afhanklike verhouding; 'n co-dependent relationship. Dis 'n geweldige


**© 2013 Mosaïek**

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

sterk dinamika vandag. Ek meen, praat met huweliksberaders. Ek... toe ek in huweliksberading was het my mond partykeer oopgehang oor hoe 'n party in die huwelik sal sit en verwag dat die ander persoon my gelukkig moet maak en dat die ander persoon my lewe moet laat draai.

Dis die tipe verhouding waarin jy uiteindelik voel ek kan nie met jou leef nie, maar ek kan ook nie meer sonder jou leef nie. Die die een toets van 'n co-dependent verhouding. En dis 'n verhouding wat nie baie... dit is 'n verhouding wat baie hoog, baie laag, baie hoog, baie laag die heeltyd is, en dit maak jou uiteindelik ook moeg. Dit maak jou moeg. Dis nie lewe nie. So waarvoor neem jy verantwoordelikheid in die verhouding? As ek vir my kind sê, ek kan jou inkopiesentrum toe vat, dis jou keuse, dis wat jy nou doen met jou probleem, dan dra ek sy las en ek vat sy verantwoordelikheid vir sy pak nie. Hy moet dit self oplos. Dis syne.

'n Ander belangrike ding is dat ons baiekeer op 'n verkeerde manier kan betrokke raak in 'n verhouding. Die Barmhartige Samaritaan kry iemand wat seergekry het op sy pad en hy vat hom in. Maar kyk net hoe doen hy dit. Hy vat hom nie na sy huis toe nie. Hy sit hom in 'n herberg vir 'n spesifieke tydperk. As ek terugkom dan sal ek dit hanteer, dan sal ek dit... dan is die periode verby. So hy het grense tot sy hulpverlening. 'n Vriend van my skryf en sê, he was only the Good Samaritan, not the Great Samaritan.

Maar tog gebeur dit partykeer in verhoudings dat ons die Great Samaritan word. Daar is geen grense of beperkinge aan my hulpverlening en aan my gee nie, wat dikwels glad nie 'n ander persoon uiteindelik help nie. Ek dra sy las, maar ek vat sy totale las oor vir hom, en sy pak. Ek vat alles, so hierdie persoon kan nooit op die einde verantwoordelikheid... dit help hom nie om uiteindelik... kyk, dit is die dinamika wat baiekeer werk in 'n gesin waarin daar 'n afhanklikheidsprobleem is of 'n verslawing is. Die persone om daardie persoon ontwikkel dikwels 'n manier van lewe wat geen grense het nie en hierdie persoon nie help met sy probleem nie.

Daarom het iemand wat saam met 'n verslaafde leef dikwels ook 'n probleem, want die manier waarop ek leef stel jou in staat om hierdie manier aan te hou leef en my te gebruik. Jy is 'n bodemlose put waarin ek net die heeltyd gooi en gooi en gooi, en nooit sal iets genoeg wees vir jou nie. Dit help jou nie.


**© 2013 Mosaïek**

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030 ◆ posbus 1658, fairland 2030 ◆ t: 011 268 4700 ◆ f:011 268 4800 ◆ info@mosaiek.com ◆ www.mosaiek.com

Dis nie gesond nie.  Dit maak ook moeg.  So ons het groot wysheid nodig.  Op watter manier help ek en staan ek by?  Nie ten koste van myself nie.  Die Here Jesus sê, My las is lig, en wanneer jy daardie las dra van iemand anderster, en dit die las van Jesus is wat jy moet dra, doen jy dit nie ten koste van jouself nie.

In die laaste plek, nie altyd nie, nie die heeltyd nie.  Jesus onttrek dikwels.  Kan jy net dink daaraan?  Jesus kan mense help.  Daar is mense wat genees moet word, en Hy sê, ek gaan nie nou nie.  Maar Hy kan.  Hy sê nee vir groot geleenthede en Hy doen dit sonder skuld.  Hy doen dit ook skaamteloos.  Jy weet, in Johannes 4 loop Hy en Hy is moeg, en Hy sê vir Sy dissipels, Ek gaan nou rus.  Gaan julle maar aan.  Sy kwesbaarheid is dis nie vir Hom moeilik om dit te toon en dit te wys nie.  En dis interessant, in Markus 3, wat... in die skriflesing wat ons gelees het, dat die dissipels partykeer ongemaklik daarmee was en gevoel het, nee, nou moet ons Hom help.  Nou moet ons Hom help.  Hy.. dis asof... arme Jesus.  Hy word oorweldig deur die mense.

Maar Hy is goed in beheer.  Hy weet waar lê Sy grense.  Hy erken Sy grense en Hy sê, nou moet Ek rus.  Hy erken Sy grense deur te sê, Ek kan nie aanhou help nie.  Ek moet nou onttrek.  Kan jy dink dat, in die destydse wêreld en lewe, waarin daar soveel spasie en geleentheid was vir herstel, net in die normale ritme van die lewe, dat Jesus nogsteeds onttrek?  Ek meen, daar was reis.  As ek tempel toe moet gaan net van Bethanië af is dit ‘n twee ure reis in my dag wat daarmee heen is, so ek moet ry.  Ons gesels.  Ons dink aan daardie goed.  Ek het nie ‘n selfoon nie.  Ek het nie my laptop by my of my iPad wat my in kontak kan hou met die werk... dis nie dat ek die heeltyd kan bly werk nie.

Ten spyte van so ‘n manier van lewe onttrek Jesus nog steeds, nog steeds, om alleen te kan wees.  Vir wat?  Die Bybel sê, vir gebed, om net saam met God te wees.  Dit is... dit is om daardie kontak te maak met God en ook om agter te kom wat sê Hy, want ek kan dit nie agterkom as ek my nie onttrek nie.  Ek is te opgeneem met die vloei van die lewe en die gebeurlikhede van my lewe dat ek nie kan agterkom nie.  Ek verloor kontak met myself.  Ek weet nie wat ek dink en wat ek self voel nie.  Jy weet, ons kom in geselskappe, en die interessantste persoon is die persoon wat die mees ingeligste is, wat nou weet


**© 2013 Mosaïek**

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

wat die nuutste nuus nou is, wat nou net van die rekenaar afklim. Hy is die interessantste ou. Maar daar is geen oorspronklikheid nie. Wat dink jy?

Baie van ons weet nie meer hoe om te dink nie. Ons weet nie wat dink ons oor iets nie. Ons sê wat ander ouens sê. Dit klink vir my beter. Ek sê maar dit. Maar wat sê jy? Wat dink jy daarvan? Ons weet nie wat ons voel nie. Wat voel jy daaroor? Ons is afgesny van ons gevoelens op die manier waarop ons lewe, en die feit dat ons beskikbaar is deur 'n selfoon beteken nie dat ons die selfoon moet antwoord en die heeltyd beskikbaar behoort te wees nie. Ons kan, ons moet die grens trek om ook te onttrek.

As ek... Wat ek probeer sê is as dit so belangrik was vir Jesus in die wêreld waarin Hy geleef het, dink net hoe krities belangrik is dit nie vir ons en vir ons behoud vandag met die lewe en die wêreld waarin ons leef, om dit te kan doen nie. En die Woord sê Jesus het dit gedoen so dikwels as wat Hy kon. Hy leer Sy dissipels, julle moet dit elke dag doen. Elke dag, gaan in jou binnekamer in. Elke dag, gaan in jou binnekamer. Sluit daardie deur. Wees alleen. Kom in kontak met jouself, met God. Kry perspektief op jou lewe. Dis waar dit gebeur, en dis hoe dit gebeur.

Nou, wat interessant is, wat ons vandag weet, is dat party van ons dit baie meer nodig het as ander, baie meer nodig. Introverte teenoor ekstroverte, byvoorbeeld. Ekstroverte wat hulle energie van buite af kry besef baiekeer nie hoe nodig het hulle dit om ook te onttrek nie. Hulle voel baiekeer dis so hard vir my om my af te sny, jy weet. Introverte voel weer ek het die verskriklik nodig, maar dis baiekeer vir hulle baie moeilik om op die regte manier af te sny en met die regte goed besig te wees wanneer hulle afsny van ander mense af.

Nou, is dit nie interessant dat 'n ekstrovert en 'n introvert dikwels by mekaar uitkom en dan besluit om hulle lewens saam te deel nie? So wat het ons hierdie naweek...? ons het so hard gewerk. Ons is so moeg. Kom ons kom bietjie... kom ons kom bietjie eenkant hierdie naweek. So wat sê die... kom ons nooi al ons vriende oor en ons hou 'n party. Sal dit nie...? So, wat sê die introvert? Is jy mal? Ek werk die hele week met mense. Ek moet wegkom. Ek moet... ek het alleentyd nodig. Ek het niks tyd nodig. Ons moet onsself


**© 2013 Mosaïek**

mosaiek
daniellestraat, fairland 2030 ◆ posbus 1658, fairland 2030 ◆ t: 011 268 4700 ◆ f:011 268 4800 ◆ info@mosaiek.com ◆ www.mosaiek.com

leer ken en ons moet weet wat het ons regtig nodig om te herstel. Baiekeer voel ek nie ek het dit nodig nie, en dat het jy dit juis nodig. En die ou wat baiekeer voel ek het dit so nodig moet op die regte manier onttrek in sy innerlike wêreld om te kan herlaai en te kan herstel.

So, waar is jy vanmôre? Is jy dalk op 'n plek waar jy sê ek weet nie of ek ja of nee moet sê nie? Miskien het jy nog die... nooit die groot ja gesê, die groot ja vir God, waar dit begin, waar klomp goed in plek val en jy dan nee kan sê vir ander goed. Maar miskien is jy net op 'n plek waar jy sê ek weet nie of dit ja of nee is nie. Ek is heeltemal deurmekaar in hierdie verhouding. Ek weet nie of dit 'n pak of 'n las en ek weet nie waar moet ek dit streep trek, of ek op die regte manier of op die verkeerde manier deurmekaar is nie, en ek weet nie of ek die regte persoon... ek weet nie. Jy het onderskeiding nodig.

'n Persoon met wie ek my lewe diep mee deel vra my gedurig 'n vraag, en dit slaan my gewoonlik so voor my kop. As ons so lank praat oor my lewe en die goed, en dan kom hy, en dan vra hy vir my... en dan sê hy vir my, het jy nou al met die Here hieroor gepraat soos wat jy nou met my hieroor gepraat het? En dan is dit dikwels, nee, ek het nie. Ek weet nie hoekom het ek nie. Ek weet nie of dit is omdat ek dink Hy weet dit nie en Hy moet dit vir my gee as ek dink ek het dit... Het jy met Hom al hieroor gepraat, vir Hom regtig vertel hoe verward jy is en hoe nodig jy Sy leiding het en Sy...? Hy wil jou lei, en Hy sal die mense, die boeke, die goed in jou lewe stuur wat nodig is die oomblik wanneer jy Hom vra, Here, lei my asseblief. Lei my.

Maar miskien is jy op 'n plek waar jy sê ek het ja gesê. Eintlik moes ek nee sê. Nou weet ek nie wat om te doen nie. Want hierdie verhouding moet ontwikkel, en ons is nou al so... Jy het wysheid nodig. En Jakobus sê, as jy wysheid kortkom, vra vir God wysheid. Hoe gaan ek dit nou tackle, hierdie ding? Want dis nie goed nie, dis nie gesond nie, en dit kan so moeilik wees, die ontwrigting, die verandering, die omdraai. Om grense te kry in 'n verhouding is nie speletjies nie. Dit is moeilik om dit te kan doen. Dit gaan meebring dat jy uiteindelik met 'n nuwe persoon saamleef as dit gebeur, maar dit moet gebeur. Here, U wysheid, hoe gaan ons dit doen om grense te kry hier tussen ons?


**© 2013 Mosaïek**

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030 ◆ posbus 1658, fairland 2030 ◆ t: 011 268 4700 ◆ f:011 268 4800 ◆ info@mosaiek.com ◆ www.mosaiek.com

Want weet jy wat gebeur? Gewoonlik trou die ou wat nie nee kan hoor nie en vat nie met iemand wat nie nee kan sê nie, huh. Want party van ons moet nee hoor. Sy sê... jy vra, so, hoor hierso, kan ons maar die ouens oornooi? Jong, ek weet nie. Ag dankie, man, ons nooi hulle oor. Jy hoor ja, sy sê nee. Jy kan nie nee vat nie. Sy moet leer nee sê. Sy moet leer duidelik sê, luister hier, nee. Dit vra guts. Dis moeilik, hierdie goed, om te gebeur in 'n verhouding, en jy het dit nodig.

Miskien is jy op 'n plek waar jy besef ek moet nee sê, maar ek weet nie hoe gaan ek dit regkry nie. Ek is so bang. Ek is so bang ek verloor hierdie persoon. Ek is so bang iets gebeur in hierdie verhouding. Ek is... ek kan nie nee sê nie, maar ek weet ek moet nee sê. Jy het die krag van die Here nodig om jou te kan help om nee te kan sê, om die waarheid te kan spreek in liefde. Dis nie goed vir ons nie. Ek moet sê nee.

Kom ons bid saam. Hemelse Vader, ons dank U dat ons hier kan saam wees. Ons dank U vir die Woord wat 'n lig is vir ons pad, en ons dank U dat ons na U lewe kan kyk en dat ons gered kan word, dat ons na plekke toe gevat kan word van genesing, van vryheid, van lewe, deur die lewe van die Here Jesus. Here, maak ons oë oop om te kan sien, diep te kan insien in die lewe wat U geleef het, maar help ons om onsself te kan sien, wie ons is. Help ons om die lewe te kan sien wat U wil hê ons moet lewe, wat U vir ons gegee het om te lewe.

Help ons om ons lewens te leef, nie iemand anderster s'n nie, nie uit dwang nie, nie uit... buite ons perke, en te probeer wat ons nie is te wees nie. Help ons om op hierdie manier in te stap in hierdie groot, wonderlike wêreld wat U vir ons oopmaak, en dan te kan sien wat U in ons doen en deur ons doen, wat vêr beter, groter is as wat ons ooit kon droom of dink. Ons dank U daarvoor, Vader, in die naam van Jesus, amen.

Mag jy in hierdie week wat voorlê die vrede van die Here Jesus beleef, amen.


**© 2013 Mosaïek**

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com


**© 2013 Mosaïek**